kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Woorddiens

Lesing 1: Lukas 19:29-44 en Lukas 22:1-6

29 EN toe Hy naby Bétfagé en Betánië kom, by die berg wat die Olyfberg genoem word, het Hy twee van sy dissipels uitgestuur
30 en gesê: Gaan in die dorp reg voor julle; en as julle daar inkom, sal julle ’n eselsvul vind wat vasgemaak is, waar geen mens ooit op gesit het nie. Maak hom los en bring hom.
31 En as iemand julle vra: Waarom maak julle hom los? — moet julle so vir hom sê: Die Here het hom nodig.
32 En die wat gestuur was, gaan toe en vind dit soos Hy aan hulle gesê het.
33 En terwyl hulle die vul losmaak, sê die eienaars aan hulle: Waarom maak julle die vul los?
34 En hulle antwoord: Die Here het hom nodig.
35 Toe bring hulle hom na Jesus toe, en hulle lê hul klere op die vul en laat Jesus daarop sit.
36 En terwyl Hy voortgaan, gooi hulle hul klere oop op die pad.
37 En toe Hy al naby die afdraand van die Olyfberg kom, begin die hele menigte dissipels God met blydskap te prys met ’n groot stem oor al die kragtige dade wat hulle gesien het,
38 terwyl hulle sê: Geseënd is die Koning wat kom in die Naam van die Here, vrede in die hemel en heerlikheid in die hoogste hemele!
39 En sommige van die Fariseërs uit die skare sê vir Hom: Meester, bestraf u dissipels!
40 En Hy antwoord en sê vir hulle: Ek sê vir julle, as hulle swyg, sal die klippe uitroep.
41 En toe Hy naby kom en die stad sien, het Hy daaroor geween.

Tema: “Jesus vir President en ander verwagtinge…”

Broodjies vir die Pad

This Sunday marks the transition from the observance of Lent to the beginning of Holy Week. Its themes are not restricted to those of Jesus’ entry into Jerusalem, but extend through to the trial and execution of Jesus. With the solemn reading of the Passion at the Gospel, there is a vast amount of biblical text to process.

The passion narrative is the most history-like part of the Gospel tradition. Here we are dealing with political events, in a familiar place and involving historical figures known to us. Further, we are dealing with perhaps the most secure historical fact of the entire Jesus tradition, namely his crucifixion. In addition, here we seem to have a connected and coherent series of events from the Last Supper through to the arrest in the garden and then the trials and the execution itself.

http://gregoryjenks.com/2013/03/17/palm-sunday-24-march-2013

◆◆◆

Kom maar niet, heeft paus Franciscus gezegd. Het geld voor de reis naar zijn inhuldiging vandaag is verspilling, vindt hij. Beter kan het bedrag aan een goed doel gegeven worden.

Deze paus heeft het niet zo op protocol en plechtigheid. Toch ontkomt paus Franciscus vandaag niet aan een officiële inhuldiging, met talloze hooggeplaatste gasten uit de hele wereld. Op zijn verzoek is de viering wat versoberd. Daardoor zal die niet langer duren dan een uur of twee.

De inhuldiging is niet meer dan een ritueel, want Franciscus is al paus vanaf het moment dat hij op het balkon stond. De vissersring en het pallium (zie kader) die hij vandaag krijgt en de belofte van gehoorzaamheid die de kardinalen hem vandaag doen, bevestigen wat hij al is.

Niemand is uitgenodigd voor de plechtigheid en tegelijk is iedereen welkom, zei woordvoerder Federico Lombardi gisteren. Iedereen, dus ook de 89-jarige dictator uit Zimbabwe Robert Mugabe. Die zal er in ieder geval zijn.

http://www.trouw.nl/tr/nl/12664/Verkiezing-nieuwe-paus/article/detail/3411764/2013/03/19/Niemand-is-uitgenodigd-maar-iedereen-is-vandaag-welkom.dhtml

◆◆◆

“The vocation of being a "protector", however, is not just something involving us Christians alone; it also has a prior dimension which is simply human, involving everyone. It means protecting all creation, the beauty of the created world, as the Book of Genesis tells us and as Saint Francis of Assisi showed us. It means respecting each of God's creatures and respecting the environment in which we live.

It means protecting people, showing loving concern for each and every person, especially children, the elderly, those in need, who are often the last we think about. It means caring for one another in our families: husbands and wives first protect one another, and then, as parents, they care for their children, and children themselves, in time, protect their parents.

It means building sincere friendships in which we protect one another in trust, respect, and goodness. In the end, everything has been entrusted to our protection, and all of us are responsible for it. Be protectors of God's gifts!” (Pous Francis)

◆◆◆

Waak teen die woord wat nie lewe skenk

deur Wilhelm Jordaan

In ons land is daar mense met ’n lastige oorgevoeligheid en bedroewende humorloosheid.

Vir sommige kommentators en grapjasse is dít natuurlik geil weiveld: Om, soms kru, met diesulkes gek te skeer – net om later verskoning te moet maak vir wat hulle as ’n “grappie”, of nie “só” bedoel het nie.

Natuurlik is dit delikate sake, want die grense van fatsoenlikheid is vaag: Waarvoor een mens skater, is doodsake vir ’n ander.

Sommige reken hul humor, kru en andersins, is satiries en opvoedkundig – bedoel om mense deur die sweep van die taal te oorreed om byvoorbeeld hul vooroordele en stereotiperings te laat vaar. Nogal dik vir ’n daalder!

Die soort lag wat daardeur gewek word, is selde ’n skaamkrylag. Dit is eerder bulderende uitlag wat die geteikendes, of die groepe waaraan hulle behoort, verder verneder.

Dié argument herinner boonop aan ’n ou oorredingsfoefie – die “reguit pad” wat poog om deur skokkende uitbeeldings mense se houdings en gedrag te verander. Soos om padveiligheid te bevorder deur die uitbeelding van verminkte ongelukslagoffers, of deur anti-rookadvertensies wat wys hoe rokers se longe lyk.

Oorreding is suksesvoller deur die “omweg-roete”, soos in die vorm van sagter, fyner, slimmer en subtieler humor en satire.

Soos dié van Desiderius Erasmus (1466-1536) in sy *Tot lof van dwaasheid* waarin hy die euwels van sy tyd (byvoorbeeld vooroordeel en stereotipering) hekel deur “Dwaasheid” te laat praat; en werklike dwaasheid bloot te lê deur die stem van dwaasheid.

Wat die “omweg-roete” doen, is om ’n spieël voor te hou en mense te laat beleef hoe mensonterend vooroordeel en stereotipering kan wees. Soos die karakter Shylock dit verwoord in Shakespeare se *The Merchant of Venice*:

“He (Antonio) hath disgraced me, scorned my nation, cooled my friends, heated mine enemies; and what’s his reason? I am a Jew. Hath not a Jew eyes? Hath not a Jew hands, organs, dimensions, senses, affections, passions? Fed with the same food, hurt with the same weapons, subject to the same diseases, healed by the same means, warmed and cooled by the same winter and summer?
If you prick us do we not bleed? If you tickle us do we not laugh? If you poison us do we not die. . . .”

Vervang die woord “Jew” met enige gestereotipeerde mens of groep (gays, swartes, wittes, feministe, gestremde mense, Christene, Moslems, ensovoorts), en jy begin iets begryp van stereotiperingsletsels. Daaruit kom dalk ’n lewensreël oor wát en hóé jy in die openbaar praat, skryf en verbeeld. Soos die Chileense digter Vicente de Huidobro skryf:

“Laat jou taal ’n duisend nuwe deure oopmaak / Maar waak altyd oor jou woord: / Elke byvoeglike naamwoord / Wat geen lewe skenk/Pleeg moord.”

http://www.beeld.com/Rubrieke/WilhelmJordaan/Waak-teen-die-woord-wat-nie-lewe-skenk-20130319

Brood vir die Pad

Vol sekerhede te stane voor ’n Joodse graf?

deur DJ Smit

Hy word groot in ’n oortuigde ateïstiese huis, vertel hy, as kind van sekulêre Joodse ouers, wat godsdiens min of meer op peil ag met Kersvader. Hy onthou hoe sy pa sy agt jaar oue sussie in trane sou hê omdat sy vaagweg wou vashou aan die hoop dat daar iewers tog ’n ewige god mag wees. Indien hulle sou vermoed dat van hul vriende religieuse gevoelens koester, sou hulle dié behandel as degeneratief siek en nooit weer ernstig met hulle gesels nie, sê hy.

Hoewel hy vandag stééds nie glo nie, skryf hy tog ’n merkwaardige boek – so lesenswaardig soos sy vroeëre werke – getitel Religion for Atheists – A Non-believer’s Guide to the Uses of Religion (2012). In sy middel twintigs, vertel Alain de Botton, kom sy ongeloof voor ’n eerste krisis te staan – soos telkens daarna. Die eerste twyfel het geknaag, sê hy, by die aanhoor van Bach se kantates. Dié vrae is versterk by die aanskoue van Bellini se Madonnas. Dog dit was eers later, met sy vader reeds etlike jare oorlede, begrawe onder ’n Hebreeuse opskrif in ’n Joodse begraafplaas, omdat hy “vreemd genoeg” – “intriguingly” – nagelaat het om sekulêre reëlings te tref, dat hy ten volle getref is deur die diepe ambivalensie van die dogmatiese sekerhede van sy ongeloof, van kindsbeen so in hom ingedril.

Dié oortuigings was net té seker, té blind, té eensydig – om die volle werklikheid te kon sien en waardeer, besef hy. Dit kon onmoontlik die volle waarheid wees dat daar niks skuil in al dié preke, al dié moraliteit, al dié gees van gemeenskap, al dié kuns en argitektuur, wat reise inspireer, denke vorm, dankbaarheid leer nie, begin hy begryp. Is dit nie kortsigtige dwaasheid – só vreet die twyfel aan sy ongeloof – om al dié musiek op te gee, dié geboue, gebede, feeste, rituele, pelgrimstogte, maaltye, manuskripte, al dié geleerdheid – net omdat ons nie glo in bonatuurlikhede nie? Hoeveel verarming bring dié selfversekerde blindheid nie mee nie, wonder hy. Hoeveel gee ons nie prys nie vir dié arrogante dogmatisme?

Ons het bang geword vir moraliteit, sê hy. Skrik by die gedagte aan preke. Vlug van kuns wat ophef. Gaan nie meer op pelgrimstogte, bou nie meer tempels, ken nie meer maniere om dank te betuig nie. Vreemdelinge sing selde saam. Ons weerstaan intellektuele uitdagings, sê hy, en gee ons eerder oor aan die oppervlakkige en banale, vermy die dieptes, vrees die geheimenisse. Om dié rede skryf hy sy boek – nie omdat hy self gló nie, maar om mede-ongelowiges te herinner aan weë wat hulle nie bewandel, vrae wat hulle nie vra, praktyke wat hulle nie beoefen nie, kante van menswees wat hulle skaars kan ontbeer. Hy skryf oor wysheid, gemeenskap, ontferming, opvoeding, sagtheid, perspektief, vele méér.

Dalk kan dié wat nie dadelik kans sien vir die boek nie ook begin waar hý begin het? By Bach se kantates, Bellini se Madonnas, ’n Hebreeuse opskrif, ’n graf in ’n Joodse tuin? Dalk rys dáár vrae oor menswees wat selfvoldane sekerhede óóp kan breek?

http://www.dieburger.com/Rubrieke/Gasrubriekskrywers/GEESTELIKE-WAARDES-Vol-sekerhede-te-stane-voor-n-Joodse-graf-20130316

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877